

2 Januarie

Genesis 2: 7,8,15; Johannes 4:9-14

Om te lewe

Ons belewe die nuwe jaar. Ons moet hom in-lewe, deur-lewe en uit-lewe.

Ons is almal besig om te lewe, nie waar nie?

Of lewe ons werklik?

Laat ek reguit praat. Lewe is baie meer as blote bestaan. Plante, diere, alle mense bestaan. Maar om te *lewe* in al sy volheid - dit is genade, 'n gawe van God.

Wanneer het die mens begin lewe?

Genesis 2:7 sê "Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het".

Ek lewe wanneer ek in bewuste gemeenskap geplaas word.

As ons Genesis 2 verder lees, is dit duidelik dat God die mens in drieërlei gemeenskap plaas:

Ek lewe

- as dit reg is tussen my en my God
- as dit reg is tussen my en my plek
- as dit reg is tussen my en my maat

Daarom het God die *geloof in* die mens se hart gelê. Daarom het Hy die mens in 'n tuin geplaas met 'n werksopdrag. En daarom het Hy vir die mens 'n maat geskep, 'n naaste, met wie Hy dit alles kon deel.

Om te lewe is

- om God lief te hê
- om my naaste lief te hê
- om my roeping te volbring.

Laat ons dit vir mekaar maar sê as ons vorentoe kyk die nuwe jaar in:

'n ongelowige

'n kluisenaar

'n lui aard

is in werklikheid lewendig *dood*.

Goddank dat Jesus Christus gekom het om die bande wat deur die sonde deurgesny is, weer vas te bind tot 'n lewe in ewigheid.

Sing Psalm 16:5

Ds. D. Postma (Frankfort)